

2026
PREDIKANTE
SAAMKOMS



EPOS: saam@ngkerk.org.za

Januarie 2026

Liewe Kollega

Dink jou die belewenis in om vir vier dae **SAAM** met 750 toegewyde kollegas te bid, te vier, te kuier en te groei. Dink jou in, 'n geleentheid vir predikante om **SAAM** te wees –

nie vir 'n sinodesitting of konferensie nie, nie
vir verslae en besluite nie,
maar om mekaar as geroepenes te beleef.

Hierdie is jou persoonlike uitnodiging om vanaf 24-28 Augustus 2026 'n **SAAM**koms vir predikante by Goudini by te woon. Die gewilde ATKV Goudini-oord in die Wes-Kaap is geleë in die Slanghoek-omgewing, net buite Rawsonville en 'n klipgooi van Worcester. Omring deur Bolandse berge, dwing die landskap jou amper om stadiger asem te haal. Die oord, in al sy skoonheid, wag daar saam met ons, op hierdie unieke geleentheid later vanjaar: 'n doelbewus-ontwerpte byeenkoms vir predikante, deur predikante.

Hierdie **SAAM**koms spruit uit 'n dieper gesprek in ons kerk oor die welwese en veerkragtigheid van predikante:

oor elk se persoonlike- en ons almal saam se verhouding met God en lewensritmes,
oor roeping wat deurgaans bevestig word,
en oor die behoefte om altyddeur met entoesiasme, vreugde en oortuiging te bedien.

Die **SAAM**wees bemoedig om te volhard in ons dienswerk. »

Wat is die PredikanteSAAMkoms

Noudat ons vasgestel het dat dit nie 'n kerkvergadering is nie, wat is dit dan?

Dink aan 'n Kunstefees-formaat, maar waar daar geen buitesprekers of amptelike sake is nie – wel hope kreatiwiteit en inspirasie. Sowat 100 predikant-kollegas het alreeds ingestem om verskillende sessies en aktiwiteite te fasiliteer.

Dink aan die moontlikheid om jou eie dagprogram te bepaal – jou eie voorkeure uit te oefen:

- neem aan 'n boekbespreking deel,
- woon 'n gesprek by wat nuwe insigte stimuleer,
- verdiep jou saam met kollegas in tekste wat jou interesseer,
- sluit jou aan by die wat dialoog voer oor 'n tema,
- geniet die stilte of kuier saam vir inspirerende stories,
- deel jou eie storie,
- gaan klim berg of besoek 'n omliggende besienswaardigheid.

Die program skep kreatiewe ruimte vir leer, vir herverbinding tot jou roeping, en genoeg tyd om asem te skep en weer mens te word.

Dieper fokus

'n Deurlopende beweging deur die program, verbind jou met Jesus-momente uit die evangelie van Lukas:

Jesus kom, Jesus roep, Jesus genees, Jesus leer, Jesus ly, Jesus leef, Jesus heers.

Dit loop soos 'n goue draad deur die verskillende aanbiedings, gesprekke en ervarings – of dit bybellees of bergklim is - elkeen 'n uitnodiging om tot rus te kom – oop en ontvanklik te luister na God se stem en die leiding van Sy Gees.

Elke oggend en aand kom ons **SAAM** as grootgroep: om te bid, sing en vier – in eenvoud, betekenisvol, lewegewend. »

Hoekom juis nou

Die laaste byeenkoms van hierdie aard was in 2005. Predikante wat dit bygewoon het, getuig steeds van die blywende uitwerking daarvan op hul menswees en bediening.

Dit beteken dat hierdie **SAAMkoms** moontlik 'n eenmalige geleentheid in jou leeftyd kan wees. Dit is nie 'n gereelde instelling nie.

En daar is net plek vir 750 persone.

Wie word uitgenooi

Predikante, diensleraars en emeriti wat tans in diens van gemeentes is (wat voldoen aan die volgende bevoegdheidsvereistes):

A01 Predikant (Voltyds)

Predikant wat beroep is na 'n gemeente en voltyds in diens is (vgl Reglement 13)

A02 Predikant (Tentmaker)

Predikant wat gekoppel is aan 'n gemeente met geen wedersydse verpligtinge nie (vgl Reglement 16)

A03 Predikant (Vastetermynpos)

Predikant wat beroep is na 'n gemeente met 'n bepaalde termyn (voltyds of deelyds (vgl Reglement 14)

A05 Dosent (NG)

Predikant wat in 'n doseer pos is wat aan die NG Kerk gekoppel is en ook aan 'n gemeente gekoppel is

A06 Dosent (Ander)

Predikant wat in 'n doseer pos is wat nie aan die NG Kerk gekoppel is nie en ook aan 'n gemeente gekoppel is

A07 Predikant (Kerklike Pos)

Predikant wat beroep is in sinodale diens en/of kerklike poste

A08 Deelydse Pos

Predikant wat in 'n permanente pos na 'n gemeente beroep is, maar op 'n deelydse basis en ook ander beroep beklee (vgl Reglement 14)

C01 Emeritus (Werksaam)

Emeritus wat na die ouderdom van 65 in 'n vaste termyn beroep is en tot 70 jaar steeds in die bediening is

C03 Emeritus (Ouer as 70 jaar)

Emeritus wat na die ouderdom van 70 jaar steeds by 'n gemeente betrokke is as pastorale hulp

C04 Bruglaraar

Emeritus van 'n vastetermyn beroep is as bruglaraar vir 'n maksimum van 9 (nege) maande (vgl Reglement 17)

D03 Dienslaraar (Beroep)

Diensleraars wat gelegitimeer is, en deur 'n gemeente beroep is in sy/haar toegespitste veld van opleiding

»

Kostes

Verblyf

Jy betaal slegs vir jou keuse van verblyf.

Die algemene sinode wil dit so bekostigbaar as moontlik maak. Daarom word 80% van alle uitgawes gesubsideer. Niemand hoef uitgesluit te wees nie.

Jou volledige registrasiefooi word bepaal deur die tipe verblyf wat jy kies:

- R1 200 – kamp (jy bring jou tent of karavaan)
- R2 000 – gedeelde kamer (kies solank jou maat en spreek dit af)
- R2 800 – enkelkamer (beperkte beskikbaarheid)
- R3 500 – eie huisie of rondawel (ook beperkte beskikbaarheid)

Vervoer

Die laagste koste tussen ry en vlieg word gesubsideer. Byvoorbeeld:

As dit goedkoper is om te ry, maar jy verkies om te vlieg, sal jy 'n reiseis per kilometer kan indien.

As dit goedkoper is om te vlieg, maar jy verkies jou eie wiele, sal jy die prys van 'n vlugkaartjie kan eis.

As jy self ry, is die eerste 200km daarheen en die eerste 200km terug op jou eie koste.

Hierna – kan jy eis:

- R2 per km as jy alleen ry
- R3 per km met een passasier
- R4 per km met twee passasiers

Reisreëlings word in oorleg met jou sinodale kantoor en die kantoor van die algemene sinode getref. Verdere kommunikasie hieroor volg. »

Prakties

- Registreer vanaf Maandag, 23 Februarie, tot Vrydag, 10 April 2026.
- Inskrywing geskied elektronies.
- In die week van 23 Februarie sal jy die skakel per epos ontvang – kyk uit daarvoor.
- Sodra jy registreer, sal jy bevestiging van jou inskrywing ontvang. Hierna ontvang jy 'n faktuur vir betaling.
- 35 VBO-punte word verwerf.
- Enige navrae, regdeur die registrasieproses, totdat ons mekaar in Goudini sien, kan gerig word aan Louinette Weyer by saam@ngkerk.org.za

Hierdie is meer as net 'n uitnodiging om iets by te woon:

kom word versterk, kom
word bemoedig,
kom word herinner waarom jy ooit “ja” gesê het op God se roepstem. Jy is
nie alleen op hierdie reis nie.

Kom bid **SAAM**

Kom vier **SAAM**

Kom kuier **SAAM**

Kom groei **SAAM**

Nou hoop ons om spoedig van jou te hoor.

Beste wense



Dr Nioma Venter
ALGEMENE SEKRETARIS



Ds Maartje Van Der Westhuizen
PROJEKLEIER PREDIKANTESAAMKOMS